

Die seënbede (OP118)

Heb 13:20-21

26 Februarie 2023

Die afgelope paar weke het ons gekyk na verskillende aspekte van ons diens aan God. In Heb 12:28 het die skrywer ons opgeroep dat ons God dankbaar moet dien op 'n wyse wat vir God welgevallig is, met eerbied en ontsag. In Heb 13:1-6 het ons 5 praktiese maniere geleer waarvolgens gelowiges God welgevallig kan dien, en in verse 15-16 is ons opgeroep om voortdurend 'n lofoffer aan God te bring, asook om met ons dae goed te doen en mededeelsaam te wees. Laasweek het ons gekyk na die feit dat beide leiers en die ondergeskikte gelowiges in gemeentes God moet dien deur hulle onderskeie rolle getrou te vervul. Die leiers moet 'n navolgingswaardige voorbeeld stel aan die gelowiges, hulle moet waak oor die siele van die gelowiges en getrou vir hulle bid, hulle moet God se Woord verkondig sodat die gelowiges toegerus kan wees vir elke goeie werk, en hulle moet die gemeenskap onder gelowiges in die kudde, en selfs tussen kuddes, bevorder. Gelowiges moet op hulle beurt ag slaan op die Woordverkondiging, hulle moet gehoorsaam en onderdanig wees aan hulle leiers, en hulle moet gereeld en getrou vir hulle leiers bid.

Vandag kom ons aan die einde van ons bestudering van die Hebreërboek. Ek vertrou dat dit vir julle 'n sinvolle en ook opbouende studie was. Ek wil vandag stilstaan by Heb 13:20-21. Laasweek het ons net vlugtig na hierdie verse verwys as 'n voorbeeld van die skrywer as leier se gebed vir die gelowiges. Vandag wil ek egter by die inhoud van hierdie gebed stilstaan. Kom ons lees weer verse 20-21. Ek glo dit is duidelik dat ons in hierdie verse 'n gebed om seën het, oftewel 'n seënbede.

Voordat ons na die inhoud van hierdie seënbede kyk, wil ek egter eers vir 'n oomblik terugstaan en kortliks oorsigtelik kyk na die inhoud van die Hebreërboek. Ek doen dit om twee redes: (1) Siende dat ons die einde van die boek bereik het, maak dit sin dat ons kortliks saamvat wat ons uit die boek geleer het, en (2) so 'n oorsig oor die boek gaan ons ook help om te waardeer hoekom die skrywer juis met hierdie spesifieke seënbede afsluit.

Oorsig oor die Hebreërboek

Natuurlik gaan hierdie oorsig net 'n kort opsomming wees van sekere hoogtepunte in die boek. Die detail is bespreek in die vorige preke. Onthou aan wie die leser besig is om te skryf: Hy skryf aan Christengelowiges wat afkomstig is uit die Jodedom. Alhoewel hulle die Christelike geloof aangeneem het, is hulle nou aan die twyfel of hulle nie dalk hulle Christelike geloof moet prysgee, en terugkeer na die Joodse geloof nie. Die doel van die boek is om aan hulle te wys hoe 'n groot fout hulle sal maak, hoe baie hulle gaan prysgee indien hulle dit sou doen. En natuurlik impliseer dit dat die skrywer die meeste van die boek sal gebruik om die grootheid en heerlikheid van Jesus en Sy werk te verduidelik – immers is Jesus die onderskeid tussen die Joodse en Christelike geloof.

Blaai nou saam met my deur Hebreërs. Die boek begin met Heb 1:1-4 wat die heerlikheid van die Seun beskryf – Hy is die Een deur wie God in die laaste dae praat, Hy is die Skepper en erfgenaam van alle dinge, Hy is die ewebeeld van die wese van God, en Hy hou alles in stand vanwaar Hy aan God se regterhand sit in 'n posisie van gesag. In die res van hoofstuk 1 beskryf die skrywer dat Jesus verhewe is bo die engele – immers is hulle maar net dienende geeste wat onder Sy beheer is en wat Hy na Sy goeddunke uitstuur om die gelowiges by te staan.

Heb 2:1 begin met 'n dringende oproep: Gelowiges moet aandag gee, sodat hulle nie dalk wegdryf nie – as die Seun verhewe is bo die engele, moet ons ag slaan op Hom. In verse 5-18 verduidelik die skrywer dat al is Jesus verhewe bo die engele, is Hy vir 'n kort rukkie minder gemaak as die engele –

dit het natuurlik gebeur toe Hy mens geword het. Hy het dit gedoen om gelyk te word aan die mense vir wie se sondes Hy versoening kom doen het. So is Hy as die Leidsman van hulle verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid gebring.

In Heb 3:1-6 verduidelik die skrywer dat die Seun ook verhewe is bo Moses. Moses, as leier van die volk, was aangestel in God se huis, maar die Seun is aangestel oor God se huis. In die res van hoofstuk 3 spoor die skrywer sy lesers aan: Spoor mekaar elke dag aan, solank daar nog van “vandag” sprake is, sodat niemand van julle deur die verleiding van sonde verhard word nie.

In Heb 4:1-13 herinner die skrywer daaraan dat die rus van die volk in die beloofde land nie die finale rus is nie. Nee, daar bly steeds ‘n sabbatsrus oor vir die volk van God, dus die gelowiges, en hulle moet hulle beywer om in daardie rus in te gaan.

Vanaf Heb 4:14 begin die skrywer met ‘n groot onderwerp: Jesus as die groot Hoëpriester. In Heb 4:14-5:10 beskryf hy die Seun as ‘n besondere Hoëpriester – Hy is ‘n mens soos ons, Hy het medelye met ons swakhede, want Hy is ook blootgestel aan dieselfde versoekinge as ons, maar Hy het nooit gesondig nie. Boonop is Hy deur God self aangestel as Hoëpriester – toe God uit die hemel aangekondig het: “Jy is my Seun, vandag het Ek jou verwek”. Ons het destyds daarvoor besin dit verwys na die stem uit die hemel net nadat Jesus gedoop is.

In Heb 5:11-6:12 spreek die skrywer sy kommer uit oor sy lesers so traag is om te leer, en hy wil juis so baie aan hulle verduidelik. Hy waarsku hulle ernstig oor hoe naby iemand kan kom aan gelowige wees, sonder om werklik ‘n gelowige te wees, en dat so iemand die punt kan bereik waar dit onmoontlik sal wees om hom te bekeer. Die skrywer is egter oortuig sy lesers is nog nie op daardie punt nie, en spoor hulle aan tot ywer om so tot volle sekerheid te kan kom van hulle hoop – daardie hoop op die sabbatsrus. In Heb 6:13-20 herinner die skrywer hulle daaraan dat God se belofte aan Abraham van ‘n groot nageslag met ‘n eed bevestig is – en daarom is hulle hoop, as gelowiges, vas en seker – dit is ‘n veilige en stewige lewensanker wat agter die voorhangsel vas is – juis daar waar Jesus as ons Voorloper ingegaan het as Hoëpriester.

In Heb 7:1-13 verduidelik die skrywer dat Jesus Hoëpriester is volgens ‘n ander priesterorde as die Levitiese priesters – Hy is priester volgens die orde van Melgisedek. Maar Jesus is selfs groter as Melgisedek, Melgisedek is groter as Abraham, en Abraham is groter as die Levitiese priesters – daarom is Jesus ‘n hoër Hoëpriester as enige van die Aäronitiese hoëpriesters. In Heb 7:14-8:13 leer ons dat Jesus boonop ook nog die Borg en Middelaar is van ‘n beter verbond as die Levitiese priesters – en daarom is die ou verbond waarvolgens die Levitiese priesters diens doen, uitgedien. Jesus doen diens ‘n beter tabernakel – die ware tabernakel. Boonop is Jesus Hoëpriester vir ewig – anders as die Levitiese hoëpriesters. Heb 9:1-10:18 onderstreep dat Jesus diens doen in ‘n beter tabernakel, en ook dat Hy ‘n beter offer bring as die offers wat in die fisiese tabernakel gebring is – Hy bring eenmalig die volmaakte offer wat vir altyd geldig is vir die sondes van die wat geheilig word. En nadat Hy hierdie offer gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit.

Dit alles gee aanleiding daartoe dat ons in Heb 10:19-39 mag lees ons as gelowiges mag nou met vrymoedigheid ook ingaan na die heiligdom langs die nuwe lewende weg wat Jesus sodoende vir ons geopen het deur Sy bloed – tot agter die voorhangsel, dus tot in die Allerheiligste van die ware tabernakel – dit is tot in die hemel. Maar as ons willens en wetens aanhou sondig, wag daar alleen maar die verwagting van God se oordeel – verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God. Om nie hierdie vrymoedigheid om te mag ingaan te verloor nie, moet gelowiges volhard in die geloof.

Heb 11 gee vir ons 'n lang lys van Ou Testamentiese gelowiges wat juis so volhard het in die geloof – hulle dien as voorbeelde vir ons. Heb 12:1-17 volg dit op met 'n oproep dat ons nou ook hierdie wedloop van die geloof met volharding moet hardloop, met die oog gevestig op Jesus as die Leidsman en Voleinder van ons geloof. In hierdie wedloop mag God as ons Hemelse Vader dit nodig vind om ons van tyd tot tyd te tugtig, maar ons moet verstaan God doen dit tot ons beswil.

En dan volg die hoogtepunt in Heb 12:18-29. Nuwe Testamentiese gelowiges het nie by Sinai aangekom nie – dus nie by die ou verbond met die Levitiese priesterorde en fisiese offers wat herhaaldelik gebring moet word nie. Nee, ons het by Sionsberg aangekom, by die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem, ons het by God aangekom, die Regter van almal, en by Jesus die Middelaar van 'n nuwe verbond en by die bloed van Sy eenmalige en volmaakte offer. Wat 'n voorreg! Maar saam met die voorreg is daar ook 'n verantwoordelikheid: Ons moet ag slaan op wat Hy vir ons sê, en dat Hy nog een keer die hemel en die aarde gaan skud. Daarom moet ons God dankbaar dien, op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is, met eerbied en ontsag. In Heb 13 word ons opgeroep om uit te gaan na Jesus wat buite die stad gekruisig is, bedoelende ons moet saam met Hom uit die ou verbond uitgaan, in die nuwe verbond in, waarvan Hy die Middelaar is.

Die punt van die skrywer aan die Hebreërs is dat hulle al die voordele van die nuwe verbond met 'n volmaakte Hoëpriester wat van 'n hoër orde is as die Levitiese priesterorde, wat alreeds eenmalig die volmaakte offer gebring het, wat alreeds verhoog is en sit aan die regterhand van God, aan wie alle mag gegee is, sal prysgee as hulle nou weer teruggaan na die Joodse geloof. Die Christelike geloof staan eenvoudig kop en skouers uit bo die Joodse geloof. En ons as Nuwe Testamentiese gelowiges mag ook in al hierdie voorregte deel.

Die seënbede (Heb 13:20-21)

Met die inhoud van die boek in gedagte, kom ons kyk nou na die seënbede in Heb 13:20-21. Lees Heb 13:20-21. In die 2020 direkte vertaling is die hele bede een sin. Die hoofsin is: Mag die God van vrede julle toerus met wat goed is. Die bede is dat God die lesers sal toerus met wat goed is. God is dus die Een wat gevra word om te handel – om die lesers toe te rus. Vers 20 beskryf God op twee maniere: (1) as die God van vrede, en (2) die God wat die Groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond. Kom ons oordink hierdie twee beskrywings van God:

- Die God van vrede: Hoekom verwys die skrywer hier spesifiek na God as die “God van vrede”? Sedert die sondeval het daar afstand gekom tussen God en die sondegevalle mensdom. Dink maar net aan Adam en Eva wat uit die tuin van Eden gestuur is. Of aan Ef 4:18 wat sê: “Hulle denke is verduister, hulle is vervreem van die lewe met God, omdat hulle onkundig is, deur die hardheid van hulle harte.” Rom 8:7 sê: “Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” Maar ons het mos nou gesien in ons oordenking van die Hebreërboek hoe die skrywer onder leiding van die Heilige Gees baie klem geplaas het juis op Jesus as die groot Hoëpriester wat eenmalig die volmaakte offer gebring het. Soos Rom 3:25-26 dit stel: “God het Hom (d.i. Jesus), deur Sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van Sy geregtigheid.... Hy het Sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.” Daar is dus versoening moontlik tussen God en die mens wat in Jesus glo – hierdie mense word regverdig verklaar op grond van die versoeningswerk van Jesus. En dan verklaar Paulus in Rom 5:1 “Omdat ons nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus”. Deur die versoeningswerk van Jesus is daar vrede tussen God en die

gelowige. Maar God is die Een wat die Seun gestuur het om die versoeningswerk te doen, God is ook die Een wat aan die Seun sekere mense gegee het vir wie Hy versoening moes bewerk. Dit is dus God wat hierdie vrede bewerk deur die werk van die Seun – en daarom word God in vers 20 beskryf as die God van vrede.

- Die God wat die Groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond: Ons lees hier God, d.w.s. God die Vader, het Jesus uit die dood uitgelei. Natuurlik verwys dit na Jesus se opstanding uit die dood na Sy kruisiging. Ons lees hier spesifiek dat God Jesus uit die dood uitgelei het. Dit laat die vraag ontstaan: Het Jesus self uit die dood opgestaan, of het God die Vader Jesus uit die dood laat opstaan? Ek dink AW Pink beskryf dit akkuraat as hy sê ons moet onthou God as Drie-Eenheid werk in perfekte harmonie. Tipies is God die Vader die Een wat inisieer wat die Drie-Eenheid doen, en dan word dit uitgevoer deur die Seun of die Heilige Gees. Dink aan die skepping: God die Vader het die skepping geïnisieer, maar Jesus was die Een deur wie hy geskep het. Dieselfde met Jesus se opstanding: Die Vader het die opstanding van Jesus uit die dood geïnisieer, en toe het Jesus opgestaan. Pink skryf die Vader het die outoriteit gehad om te besluit dat Jesus uit die dood mag opstaan. Daarteenoor het Jesus die krag gehad om op te staan. Die belangrike punt om raak te sien is dat die Hebreërskrywer eerder die feit uitlig dat die Vader Jesus laat opstaan het, as die feit dat Jesus self opgestaan het. En die rede hoekom die skrywer dit doen, is om daardeur te onderstreep dat dit beteken dat die Vader tevrede was met die offer wat Jesus gebring het – daardie offer het God se toorn oor die sonde gestil, en die feit dat dit waar is, word gedemonstreer in die feit dat die Vader Hom uit die dood uitlei. Die Vader het die outoriteit om te besluit of Jesus se offer voldoende was, en Hy het besluit dit was voldoende, en as bewys daarvan lei Hy Jesus uit die dood uit.

Vers 20 voeg ook by dat God ons Here Jesus uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond. Natuurlik verwys die “bloed” na Jesus se bloed wat gevloei het met Sy sterwe. Hy moes eers sterwe sodat Sy bloed gevloei het, sodat God Hom deur hierdie bloedvloeiing heen uit die dood kon uitlei. Maar hoekom word hier spesifiek gesê dit is die bloed van die ewige verbond? Soos wat ons herinner is in ons kort opsomming van die inhoud van die boek, is daar baie klem in die boek geplaas daarop dat Jesus die Middelaar is van die nuwe verbond – ‘n verbond wat op beter beloftes gegrond is, ‘n verbond wat die ou verbond wat destyds by Sinai gesluit is, vervang het. Die ou verbond se doel was nooit om werklik versoening vir sondes te bewerk nie, maar wel om aan die volk uit te wys hoe nodig hulle effektiewe versoening het om wel voor God te mag staan en hoedanig die offer moet wees om dit te bewerk – dit het vooruit gewys na Jesus. Maar Jesus is die Middelaar van die beter verbond, Hy is Hoëpriester van ‘n beter priesterorde, naamlik die priesterorde van Melgisedek, Hy is boonop vir ewig Hoëpriester, en Hy het eenmalig die perfekte offer gebring wat so effektief is dat dit deur God aanvaar is, en daarom het God Hom uit die dood uitgelei. In ons oordenking van die detail van God se verbond, het ons gesien dat God ‘n ewige verbond met die mensdom gesluit het: Dit begin al net na die sondeval, dit sluit die verbond met Noag in na die sondvloed, die verbond met Abraham, wat spesifiek ‘n ewige verbond genoem word, en natuurlik ook die verbond met Dawid. Die ou verbond was egter tydelik ook deel van hierdie ewige verbond van God, maar met die koms van Jesus is dit vervang met die nuwe verbond. Sy bloed het daardie tydelike element vervul, en die nuwe verbond ingelei – wat vir ewig geld. Daarom sê die skrywer God het ons Here Jesus uit die dood uitgelei deur die bloed van die ewige verbond. Ons kan die ewige verbond selfs nog verder terugneem tot voor die skepping toe die Drie-Eenheid onderling ‘n verbond gesluit

het dat die Seun die Middelaar sou word vir die bewerking van versoening deurdat Hy sou sterf vir die sondes van die gelowiges.

Verder word Jesus in vers 20 beskryf as die Groot Herder van die skape. Dit is ietwat onverwags dat ons skielik hier lees van Jesus as die Groot Herder van die skape. Nêrens in die Hebreërboek het die skrywer na Jesus op hierdie manier verwys nie. Baie ander heerlike beskrywings is van Jesus gegee, maar dit is die eerste keer dat Hy beskryf word as die Groot Herder. Dit is so dat Jesus op ander plekke in die Bybel wel beskryf word as die Herder. Laasweek het ons in 1 Pet 5:4 gelees dat Hy die Groot Herder is, terwyl die ouderlinge beskryf is as onderherders onder Jesus as die Groot Herder. En dan is daar natuurlik ook Joh 10 waar Jesus self sê Hy is die goeie Herder. Lees Joh 10:11-15. In hierdie verse word 'n herder vergelyk met 'n huurarbeider. 'n Huurarbeider gee nie werklik om vir die skape nie – as die wolf kom, los die huurarbeider die skape en vlug, en die skape word gevang. 'n Herder gee egter werklik om vir die skape – hy lê selfs sy lewe af vir die skape, want hy ken hulle. Kom ons keer terug na Hebreërs. Alhoewel die boek nie klem geplaas het op Jesus as Herder nie, het hy wel klem geplaas op Jesus as die Een wat sy lewe afgelê het – as die groot ware Hoëpriester. Die punt om raak te sien is dat dit hand aan hand loop met die rol van Herder. Die feit dat Hy sy lewe afgelê het vir die gelowiges, wys dat Hy hulle ken en vir hulle omgee – en dit beteken Hy is ook hulle Herder.

Kom ons keer terug na die seënbede in verse 20-21. Die bede van die skrywer is dat hierdie God, die God van vrede en die God wat Jesus uit die dood uitgelei het, sy lesers sal toerus met alles wat goed is. Kom ons besin nou oor wat is die “alles wat goed is” waarvoor die skrywer vra dat sy lesers mee toegerus word. Vers 21 sê dit is al die dinge wat hulle nodig het om God se wil te doen. Onthou waar die probleem begin het: met die sondeval toe ons voorouers nie gedoen het wat God se wil was nie. Dit het vyandskap bewerk tussen God en die mensdom. Maar nou het Jesus versoening bewerk. En in die loop van die boek was daar herhaalde oproepe aan die lesers en aan ons: Ons moet nie wegdryf nie. Ons moet mekaar elke dag aanspoor, solank daar nog van “vandag” sprake is, sodat niemand van ons deur die verleiding van sonde verhard word nie. Ons moet ons beywer om in daardie sabbatsrus wat nog bestaan in te gaan. Ons moet ons beywer om tot volle sekerheid te kom van ons hoop. Ons moet volhard in die geloof sodat ons met vrymoedigheid langs de nuwe lewende mag ingaan. Ons moet die wedloop van die geloof met volharding hardloop met die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons moet God dankbaar dien, op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is, met eerbied en ontsag. Dit alles, al hierdie oproepe, is tog wat God wil. In wese is wat die skrywer na verwys, ons heiligmaking wat noodwendig deel moet wees van elke gelowige se lewe. Dit volg noodwendig op die regverdigmaking wat Jesus vir ons bewerk het. Die gebed van die skrywer is dat ons as lesers met alles toegerus sal wees sodat ons dit alles kan doen, sodat ons sal vorder op die pad van heiligmaking.

En dan voeg vers 21 ook nog by: “terwyl Hy (d.i. God) in ons dit doen wat voor Hom welbehaaglik is, deur Jesus Christus”. Dink mooi oor wat ons hier lees. Ons het sopas gesien die skrywer bid dat God die lesers sal toerus om God se wil te kan doen. Nou voeg hy by: “terwyl God in ons doen wat voor hom behaaglik is”, kan ek dit anders stel: “terwyl God in ons doen wat Sy wil is”. Immers is God se wil tog dit wat vir Hom behaaglik is. Hoor jy die gebed? “Mag God julle toerus met alles om God se wil te doen, terwyl God in julle Sy wil doen”! Ons word opgeroep om God se wil te doen – ons het 'n verantwoordelikheid om ons in te span en met ywer te doen wat God wil. En die skrywer bid dat God ons sal toerus om dit te kan doen. Maar terselfdertyd is God besig om dit in ons te doen deur Jesus Christus.

Daar is natuurlik ander gedeeltes in die Bybel wat ook vir ons leer ons enersyds 'n verantwoordelikheid het, maar dat God ook terselfdertyd in ons werk om die verantwoordelikheid na te kom:

- Fil 2:12-13 – “Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam was – nie net in my teenwoordigheid nie, maar nou ook nog veel meer in my afwesigheid – werk met vrees en bewing aan julle verlossing. Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goetvind, is God.” Sien jy dit? Aan die een kant: werk met vrees en bewing aan julle verlossing. Aan die ander kant: God bewerk die gewilligheid en die optrede om dit te doen in julle.
- 2 Tim 2:19 – “Maar tog staan die fondament van God stewig, met hierdie inskripsie: ‘Die Here ken diegene wat aan Hom behoort’ en, ‘Laat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, die rug op ongeregtigheid keer’.” Daar is twee sake wat ons gelyktydig moet onthou: Ons kan vashou aan die wete die Here ken diegene wat aan Hom behoort – ons mag sekerheid hierin vind. Maar aan die ander kant het ons 'n verantwoordelikheid om ons rug te keer op ongeregtigheid.
- Eseg 36:27 – “My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle My vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer”. In hierdie vers handel dit oor God wat die nuwe verbond gaan oprig. God onderneem dat Hy sal sorg deur die werk van die Heilige Gees dat die gelowiges Sy voorskrifte sal nakom.

Ons lees hier dat God dit doen deur Jesus Christus. Ja, dit is so dat heiligmaking deur die Heilige Gees gewerk word. Maar ons weet dat Jesus beloof het om na Sy hemelvaart die Heilige Gees te stuur om die dissipels te herinner aan wat Jesus hulle geleer het. Netsoos Jesus en die Vader saamwerk, so werk Jesus en die Heilige Gees ook saam. In Joh 16:14 sê Jesus dat die Heilige Gees Hom sal verheerlik, omdat die Heilige Gees dit wat Hy van Jesus ontvang, sal bekend maak. Daarom kan vers 21 sê God doen dit deur Jesus Christus.

Kom ons keer weer terug na die seënbede in Heb 13:20-21. Ons het tot dusver gesien die skrywer bid dat God, dit is die God van vrede, en ook die God wat die Groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond, ons sal toerus met alles wat goed is, sodat ons God se wil kan doen, terwyl God ook in ons sal doen dit waarin Hy Hom behaag, deur Jesus Christus. Vers 21 voeg by dat aan Jesus Christus die heerlikheid behoort vir ewig en ewig. Siende dat Hy die Begin en die Voleinder is van ons verlossing, siende dat Hy die Middelaar is van die nuwe verbond, siende dat Hy die ware en ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek wat reeds eenmalig die volmaakte offer gebring het wat deur God die Vader aanvaar is, siende dat Hy die Groot Herder van die skape is, siende dat Hy ook nog toesien dat ons doen wat God se wil is en waarin God behaag het – daarom behoort die heerlikheid aan Hom. Dit was tog die doel waarom die Drie-Eenheid in die ewigheid voor die skepping van die wêreld as deel van die ewige verbond besluit het dat die Seun hierdie rol sal vervul – om sodoende waardig te wees vir al die heerlikheid wat ons aan Hom, en deur Hom ook aan die Drie-Enige God, sal bring. Maar onthou verder: Jesus Christus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde – daarom behoort hierdie heerlikheid aan Hom vir ewig en ewig. Hy is immers die ewige Hoëpriester.

En dan sluit die skrywer sy seënbede af met “Amen”. Met die “Amen” wil die skrywer sê dat wat hy gebid het, waar en seker is. Hy is seker dat God dit sal doen, want hy het hom in hierdie seënbede beroep op wat God beloof het om te doen as deel van die nuwe verbond. In 2 Kor 1:20 lees ons: “Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ‘ja’; daarom sê ons deur Hom

‘amen’ aan God, tot Sy eer”. As ons in lyn met God se beloftes bid, kan ons voorwaar “Amen” sê omdat ons seker is God sal doen wat Hy beloof het.

Afsluiting

Geliefdes, ek bid dat dit waar sal wees van elkeen van ons – dat God ons sal toerus met alles wat goed is, sodat ons Sy wil kan doen, en dat God in ons sal werk wat vir Hom behaaglik is. Dit is tog in lyn met wat Paulus in 1 Tes 5:23-24 bid: “En mag God self, die God van vrede, julle in elke opsig heilig maak; en mag julle volledig na gees, siel en liggaam, vlekkeloos bewaar word, tot ons Here Jesus Christus kom. Hy wat julle roep is getrou en sal dit doen.”